



Balans

Balans in aftrede

Bepaal jou ewewig

Laat Jesus jou lewenskaal balanseer

Die Fontein



HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN

AUGUSTUS 2026

Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen

Geestelike groei

02 Woordoor-denking: Hoe hou 'n gelowige kop bo water?

03 Laat Jesus jou lewenskaal balanseer

05 Balans in prestasies

06 Balans in aftrede

07 Bepaal jou ewewig

08 Wat is NOU ... die goeie?

09 Gebedsversoeke

Gemeentenuus

10 Trotseer die koue met warm harte!

11 As jy MOOT weet sal jy ...

12 Nuwe wyksindeling

13 Só beskik God ons ondersteuning aan Mosambiek

14 Waarom al die vergaderings?

15 Kerkfinansies

16 Ons leer ken ...

Rubrieke

17 Kollig: Ons Jeug

18 Diakonie: PKK

19 Dit borrel in my!

20 Blokraai

21 Het jy geweet?

22 Ons deel met mekaar

23 Diere en voëls van die Bybel

24 Tienerfokus

Kinderhoekie

25 Vervolgverhaal

26 Kleuterpret

27 Jongmensjolyt

Advertensies

28 Snuffelfontein

29 Blokadvertensies

Teks vir die maand:

“Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd.”

Prediker 3:1

Aanhaling vir die maand:

“Geluk is nie 'n saak van intensiteit nie, maar van balans, orde, ritme en harmonie.”

Thomas Merton

Uit die redakteur se pen

Magda du Toit

Balans

Hoe dikwels kla ons nie bymekaar oor hoe besig ons is nie? Ons lewens is gejaagd en ons dagboeke vol. Ons kan voorwaar sê dat die lewe sy pond vleis van ons almal eis.

'n Gejaagde lewe laat egter soms die rooi ligte flikker. 'n Lewe wat te gejaagd raak, kan verhoudings laat kraak. Te min tyd vir ander laat jou uiteindelik eensaam en afgesonderd voel. 'n Dagboek oorvol inskrywings laat jou hart soms leeg. Uiteindelik is daar ook nie meer tyd vir God nie. Ons gesprekke met ons Vader skuif ook al meer agtertoe op ons prioriteitslys. Ons brand uit. En boonop laat mislukte verhoudings met ander ons met geweldige skuldgevoelens.

In hierdie maand se uitgawe van Die Fontein fokus ons op die oplossing – **balans**. In ons toerustingsartikels kyk ons na die verhouding tussen sukses en prestasie, rus en ontspanning, balans in aftrede en ook na ons verantwoordelikhede binne ons gemeente teen 'n agtergrond van gejaagdheid.

In die afdelings wat spesiaal vir ons jonger lesers is, kyk ons ook hoe hulle balans in hulle lewens kan bewerkstellig sonder om fokus en pret in te boet. Maak dus seker dat Die Fontein ook by ons jeug uitkom.



Ons gaan verder voort met ons reeks artikels oor die diakonie en diensgroepe en kyk ook na enkele gebeure binne ons gemeente wat die afgelope maand plaasgevind het.

Onthou om die blokkiesraaisel in te vul en by die Kerkkantoor in te dien. Moenie vergeet om jou blokkiesraaisel in te dien nie, want ons hou boek van al die inskrywings en volgende jaar hierdie tyd wag daar 'n beloning op die persone wat getrou elke maand hul blokkiesraaisels terugstuur.

As jy voel jy wil graag 'n bydrae lewer vir Die Fontein, praat gerus met ons. Bydraes is altyd welkom. Briewe, artikels, geloofservarings of ander nuus kan per e-pos ingestuur word na fontein@annlin.co.za.



Lekker lees!
Magda



Woorddoordenking: Hoe hou 'n gelowige kop bo water?

Harko Mulder

Dink aan die wêreld vandag: Daar is twis, rusie en oorloë.

Dink aan Suid-Afrika: Misdaadstatistiek is onaanvaarbaar hoog. Standaarde en infrastruktuur verval.

Dink aan die kerk: Ons hoor dikwels van allerlei vergrype deur kerkleiers. Vreemde leringe, wat nie die toets van God se Woord kan deurstaan nie, word ingevoer, met die gevolg dat daar rusie tussen ondersteuners van verskillende sienings is. Hoe hou 'n gelowige kop bo water in so 'n warboel?

Lees jy Habakuk 1:1-4, sien jy dit was ook wat Habakuk destyds onder die volk beleef het. Toe Habakuk hieroor in gebed geworstel het, het die Here beloof: **“Ek gaan die Galdeërs laat optrek”** (Hab. 1:6). Ek kan my net indink hoe Habakuk se moed in sy skoene gesak het – die Galdeërs was immers 'n skrikwekkende en vreesaanjaende nasie wat nog meer goddeloos as die volk was. Die situasie gaan dus eerder vererger as verbeter. Hoekom tree die Here so op? Weer het Habakuk sy hart voor die Here uitgestort (Hab. 1:12-17).

In Habakuk 2 antwoord die Here. In Sy antwoord gee Hy twee ankers waaraan Habakuk, en ook ons, moet vashou te midde van al die onreg rondom ons:

Anker 1

Hierdie anker geld deur die loop van die wêreldgeskiedenis. Daar is twee groepe mense: die onregverdiges en die regverdiges.

Lees:
Habakuk 2: 4 en 14

Die Here beloof:

“Die onregverdiges sal wegkwyn, maar die regverdiges sal deur geloof leef” (Hab. 2:4, 1953-vertaling). Die Here beloof nie dat die onregverdiges eensklaps sal verdwyn nie, maar uiteindelik sal hulle wegkwyn. Daarteenoor sal die regverdiges deur die geloof leef – selfs al sterf hulle fisies. Ons leef meer as 2 600 jaar na Habakuk en steeds geld dieselfde beginsel. Te midde van ons worsteling met al die onreg om ons, moet ons onthou: Die regverdige sal deur die geloof leef, terwyl die onregverdiges sal wegkwyn.

Anker 2

Hierdie anker herinner ons aan die einddoel waarna die Here besig is om wêreldgebeure te stuur. Die einddoel is: **“Die aarde sal gevul word met die kennis van die heerlijkheid van die Here, soos water die see oordek.”** (Hab. 2:14)

Let op:

- Waarmee die aarde gevul sal word? Met die kennis van die heerlijkheid van die Here.
- Tot watter mate moet die aarde gevul word met hierdie kennis? Die hele aarde moet hiermee gevul word – soos wat water die hele see vul.
- Wanneer gaan die Here hierdie einddoel bereik? Aan die einde van die tyd, wanneer die aarde nuut gemaak word, die Nuwe Jerusalem neerdaal na die nuwe aarde en die Here by ons kom woon.

As ons kop bo water wil hou te midde van die warboel om ons, moet ons in die geloof volhard, want dan sal ons leef. En ons moet die Here leer ken, sodat ons gereed is om Hom te verheerlik op die nuwe aarde.

Laat Jesus jou lewenskaal balanseer

Magda du Toit

2 Petrus 1:5-8

Juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk. Juis daarom moet julle alle ywer aan die dag lê om by julle geloof uitnemendheid te voeg, by uitnemendheid, insig, by insig, selfbeheersing, by selfbeheersing, volharding, by volharding, 'n toegewyde lewe, by 'n toegewyde lewe, broederliefde en by broederliefde, liefde vir alle mense. Immers, wanneer julle oor hierdie eienskappe beskik en daarin toeneem, sal dit daartoe lei dat julle nie nutteloos en sonder vrug is wat julle kennis van ons Here Jesus Christus betref nie. (AFR83)

1 Korintiërs 16:13-24

- AFR83: "Wees wakker in die lewe en moenie toelaat dat iemand julle geestelik van balans af gooi nie, want julle glo mos. Moenie soos bangbroeke wees nie, maar staan julle man."
- Die Boodskap: "Wees wakker in die lewe en moenie toelaat dat iemand julle geestelik van balans af gooi nie, want julle glo mos. Moenie soos bangbroeke wees nie, maar staan julle man. Doen alles wat julle doen met liefde."

Maar bowenal sien ons ook dat ons God altyd in alles eerste moet stel.

Ons skouers dra swaar aan al ons verantwoordelikhede – die huishouding, die kinders en/of kleinkinders en hulle skoolverantwoordelikhede, ons wederhelftes en hulle behoeftes, sport en ons sosiale lewe waar vriende ook hul pond vleis eis. Tussen hierdie verantwoordelikhede moet baie van ons nog ons loopbaanbehoefte en werksverantwoordelikhede ook inpas.

Verder voel dit of elke jaar al hoe vinniger verbygaan. Vakansies verdwyn ver in die herinneringe. Ons jaag van die een ding na die ander en dit is moeilik om alles in te pas. Ons voel dun gesmeer.

Die Bybel bevat baie gedeeltes wat vir ons aandui hoe ons ingesteldheid teenoor al ons verantwoordelikhede moet wees. Dit leer ons dat balans in die lewe oor prioriteite gaan – tyd vir werk, tyd vir rus en ontspan en tyd vir God. Prediker 3:1-8 sê daar is 'n tyd vir elke ding onder die hemel en wys die ritme van die lewe uit. Maar bowenal sien ons ook dat ons God altyd in alles eerste moet stel.



Laat Jesus jou lewenskaal balanseer (vervolg)

Daarom: Is alles wat jou elke dag so besig hou of ontstel regtig so belangrik dat dit jou hele lewe deurmekaar moet krap?

Ons moet alles in ons lewens weeg. Ons moet uitgooi wat nie daar hoort nie, want wanneer ons lewens uit balans is, ontwig dit feitlik elke laag van ons bestaan. Wanneer ons nie gebalanseerd lewe nie, is dit meestal wanneer ons lewens uitmekaar begin val en ons emosioneel knak. 'n Wanbalans in ons prioriteite laat verhoudings verbrokkel, ook ons verhouding met die Here.

Wanneer ons op Jesus fokus, is dit makliker om die skaal te balanseer. Hy help ons om op die regte aspekte van ons lewens te fokus. Dit is asof Hy alles in perspektief stel en harmonie bewerkstellig.


**Balans beteken ... dat
sekere dinge, soos jou
verhouding met die Here
en die mense om jou,
prioriteit geniet.**

Praktiese stappe vir geestelike balans:

- Maak tyd vir God in jou lewe. Gebed bou geloof en bring balans. Wanneer ons dié laste wat ons lewens so uit balans trek in die bekwame hande van die Vader plaas, bring dit stabiliteit en harmonie.
- Rus is noodsaaklik om jou kragte weer op te bou.
- Moenie toelaat dat jou pligte by die huis en werk veroorsaak dat jy jou huisgesin en vriende afskeep nie.
- Persoonlike dissipline is noodsaaklik as ons ons balans wil bewaar.
- Doen selfondersoek en leer ken die terreine waarop jy swak of ongebalanseerd is en spits jou daarop toe.

'n Geseënde en vervulde lewe is 'n lewe van balans. Balans beteken ook nie dat jou tyd altyd gelykop verdeel word tussen jou top prioriteite nie, maar wel dat sekere dinge, soos jou verhouding met die Here en die mense om jou, prioriteit geniet.

Balans beteken dus om die regte hoeveelheid tyd aan die regte dinge op die regte tyd te spandeer. Die belangrikste is egter om Jesus as die middelpunt van jou lewe te stel.



Balans in prestasies

Henriëtte Mulder



Elkeen van ons het al die druk ervaar om te presteer. Om net 'n bietjie beter te wees, 'n bietjie beter te doen of om aan iemand anders te bewys dat jy in staat is om iets te doen of om guns te wen. Maar hierdie gejaag na prestasie en erkenning kom altyd teen 'n prys. **Die vraag is: wil ek en jy daardie prys betaal?**

Elkeen moet gaan sit en dink en dan bepaal wat die prys is wat op die spel is. Gewoonlik is die prys nie die moeite werd nie. Baie maal is die prys wat ons vir die gejaag na prestasie en erkenning betaal, die verlies aan verhoudings – verhoudings met jou huisgesin, jou vriende én jouself. En die belangrikste verhouding wat ons afskeep, is die een met God.

En wanneer ons strewe na prestasie belangriker word as ons verhouding met God, kan ons nie saam met Dawid in die Psalms sê: “Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds behalwe by U. Die afgode in die land, so aantreklik vir baie – met hulle wil ek niks te doen hê nie.”

Ons strewe na prestasies en erkenning raak dan vir ons afgode. Dit raak vir ons beter as tyd saam met God. Ons lewe raak dan leeg. Ons balans is totaal en al skeefgetrek.

Nou bly die vraag egter: **Hoe kan ek seker maak dat prestasies nie die plek van God inneem nie?**

Eerstens, bid. Bid en vra God vir leiding, krag en dissipline. Sonder Hom kan nie ek of jy keer dat ons selfsug oorneem nie.

Tweedens, maak tyd – al beteken dit dat jy jou foon moet gebruik om ‘reminders’ te stel of 'n afspraak met God in jou dagboek op te skryf. Later sal dit meer natuurlik kom omdat jy aan jou verhouding werk. Dit gaan ook veroorsaak dat die prestasies wat jy bereik, waardevol sal wees en dat wat ookal jy doen, jy tot eer van God doen.

Die erkenning gaan nie meer saak maak nie, want ek en jy weet dat ons verhouding met God belangriker is. En 'n goeie verhouding met die Een wat my en jou lief is, het as enige iemand anders, gaan elke ander ding wat ons moet doen, wil doen of moet hanteer, meer hanteerbaar maak. Die verhouding met God gaan my en jou veilige plek wees – ons gaan leer om tyd te maak vir wat werklik belangrik is. Ons gaan leer dat elke prestasie nie nagejaag hoef te word nie. Al wat werklik saak maak, is dat ons lewe soos wat Christus wil hê ons moet lewe. Ons vind balans in ons alledaagse lewe in 'n verhouding wat Christus met bloed gekoop het.

Soek jou balans deur 'n verhouding met Hom. Wanneer jy daardie verhouding het, sal jy makliker kan onderskei waar jy tyd moet maak vir elke seisoen van jou lewe.

Streef daarna om elke dag 'n sterker en beter verhouding met Hom te bou, in plaas daarvan om prestasies na te jaag asof dit mens gelukkig kan maak, want ongelukkig is dit gewoonlik so dat hoe meer mens het, hoe meer wil jy hê. Indien prestasies al is wat jou waarde gee, gaan jy nooit waardevol voel nie. Jou waarde lê in Christus, nie in die verganklike nie.

Balans in aftrede

Corrie van Wyk

In watter sin ons die “tye” van ons lewe ook verstaan, dit bly geleende tyd. Elke tydsbestek in hierdie lewe is ’n geleentheid, wat uit vrye genade aan ons geskenk is en wat benut moet word solank ons dit besit. Dit is geleende tyd in dié sin dat die mens nie daarmee na willekeur mag handel nie, maar dit moet aanwend tot verheerliking van God.

Aftrede is ’n Genade-seisoen: Dit is ’n tyd om stadiger te leef, dieper te bid en God se skepping eerstehands te beleef.

Veral in aftrede word ons opnuut bewus gemaak van die wonderlike genade van God wat elke nietige skepsel in die holte van sy hand hou en hom met tere liefde en vaderlike sorg deur die lewe dra. Vir die bejaarde die troosryke boodskap: God wat jou tot hiertoe vergesel het, sal jou nie in jou ouderdom verlaat nie. Juis wanneer ons krag gedaan is, sal Hy ons dra en versorg.

’n Sinvolle en gebalanseerde aftrede gaan oor die harmonie tussen jou persoonlike welstand, jou verhoudings met geliefdes en jou geestelike lewe. Dit is ’n seisoen van herposisionering, nie van stilstaan nie. Hier is kernpilare om balans in jou aftrede te behaal en te behou:

Geestelike balans: Jou verhouding met die Here

- Bou ’n sterker verhouding met God: deur gebed, Bybelstudie en jou geloofsgemeenskap.
- Prioritiseer stiltetyd: Begin elke dag met gebed en skriflesing sonder die haas van die ou werkslewe.
- Ontdek nuwe bedienings: Gebruik jou lewenservaring om ander in die kerk of gemeenskap te mentor.
- Leef in dankbaarheid: Sien aftrede as ’n geskenk en geleentheid om God se koninkryk aktief te dien

**"U is my God, my
tye is in U hand."
Psalm 31:16**

Sosiale balans: Jou verhouding met jou naaste

- Koester jou huwelik: Herontdek mekaar deur nuwe projekte of stokperdjies saam aan te pak.
- Beleef kwaliteittyd: Spandeer doelbewuste, onverdeelde aandag aan jou eggenoot, kinders en kleinkinders. Versterk jou verhouding met geliefdes en skep spesiale herinneringe saam met hulle.
- Bou ’n ondersteuningsnetwerk: Bly betrokke by vriende en gemeenskapsgroepe om isolasie te voorkom.

Persoonlike balans: Liggaam en gees

- Bly fisiek aktief: Stap, swem of tuinmaak hou die liggaam sterk en die gees helder.
- Stimuleer jou brein: Leer ’n nuwe vaardigheid, lees wyd of begin ’n kreatiewe stokperdjie.
- Pas jou ritme aan: Vind ’n goeie balans tussen produktiewe aktiwiteite en nodige rus.

Finansiële balans (Volhoubaarheid)

- As jy genoeg gespaar het, kan dit finansiële ’n makliker tyd wees.

Die Christen tree nooit uit Christus se diens nie; hy/sy verander net die adres van hul werkplek. Wanneer ’n mens dus aftree-ouderdom bereik, kan die beroep verander, maar jou werk om die Here te dien, bly dieselfde. Die Psalmskrywer se gebed moet ook ons gebed word as ons ouer word: “Nou dat ek oud en grys geword het, moet U my tog nie alleen laat nie, o God, dat ek nog aan die geslagte wat kom, kan vertel van U werk en U mag” (Psalm 71:18).

"Tot jou ouderdom toe is Ek dieselfde, tot jou grys hare toe sal Ek jou dra. Ek het jou gemaak, Ek sal jou ook versorg, Ek sal jou dra en red." Jesaja 46:4

Bepaal jou ewewig

Magda du Toit

In **1 Timoteus 4:7-8** skryf Paulus vir Timoteus hoe belangrik dit is om sy lewe aan die Here toe te wy. Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe. Om jou liggaam te oefen, het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe, vir nou en die toekoms.

Paulus praat binne die konteks van iets wat vir die mense van daardie tyd bekend was. Die Grieke en die Romeine was baie lief vir sport. Die Olimpiese Spele het sy oorsprong uit die ou Griekse beskawing. Die mense het gereeld dié groot sportbyeenkoms bygewoon en presies geweet wat dit verg om 'n goeie bokser of atleet te wees. Die Romeine het ook sportarene gebou waar die gladiators mekaar die stryd aangesê het. Toeskouers het van heinde en verre gekom en die pavieloene was stampvol.

Wat Paulus hier geskryf het, geld vandag ook vir ons. Paulus waarsku dat ons nie ons sport moet oordryf nie en beklemtoon dat diens aan die Here ewe belangrik is.

Die spreekwoord: **'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees**, is baie waar. Sport en oefening is baie belangrik vir jou liggaam, jou verstand en geestelike welsyn. Indien 'n mens gereeld oefen, voel jy beter en het jy meer energie. Jou hele uitkyk op die lewe is gewoonlik meer positief. Deur te oefen, kan mens ook van jou frustrasies ontslae raak. Sport bevorder spangees, dissipline, kameraadskap, selfbeheersing, deursettingsvermoë en om teleurstellings te verwerk.

Om in jou sport te vorder, of dit nou fietsry, draf, tennis, muurbal, gholf, rolbal, rugby, krieket, hokkie of wat ook al is, mens moet getrou en toegewyd oefen. Sport kan egter maklik ons lewens oorheers. Dit bring dan 'n wanbalans.



In **Prediker 3:1** lees ons dat daar 'n tyd is vir elke ding in die lewe. Dit impliseer dat ons 'n gesonde balans in ons lewens moet handhaaf. Ons kan tyd maak vir sport en ontspanning, maar ons moet ook tyd inruim vir werk en naastediens.

Daarom beklemtoon Paulus dat ons ook ons geloof moet beoefen. Wanneer ons sport beoefen ten koste van ons gesinne, werk en geloofsgroei kom daar 'n wanbalans.

Verder, moet ons ook in ons sportbeoefening selfbeheersing aan die dag lê. Ons moet nie kwaad word wanneer ons verloor nie. Ons moet nie onnodig aggressief wees of vloek en skel nie. Ons mag nie oneerlik optree of verwaand wees oor ons vermoëns nie. Ons mag nie ander mense afkraak en afbreek nie. In ons pogings om te wen, mag ons nooit vergeet wat die Here van ons vra en verwag nie. Ons gedrag moet altyd getuig van ons Christenskap.

As gelowiges kan ons voluit aan sport deelneem en ons vermoëns en gawes gebruik en inspan om die beste te wees en om te wen. Maar dit mag nie die belangrikste ding in ons lewens wees nie. Die belangrikste ding moet wees om ons geloof te beoefen soos wat enige sportpersoon oefen om die hoogste kruin te bereik. Ons moet onself atlete in ons geloofsl ewens maak.

Sport raak net jou lewe hier en nou – dit hou ons fiks en gesond. Maar die geestelike gimnastiek en oefening is van allergrootste belang omdat dit jou dien tot in die hiernamaals.

Wat is NOU ... die goeie?

Pieter Kurpershoek

Sesuur vanoggend ry ek werk toe. Sewe-uur vanaand is ek tuis. Intussen kom Mamma vyfuur by die huis. Sussie moet nog haar Graad 9-huiswerk klaarmaak. Boetie moet sy Graad 6-projek afhandel. Die kos moet gemaak en die klere gestryk word. En die kerk stuur ook nog 'n e-pos om te sê dat ek geroep word om as ouderling in die gemeente te dien.

Wat maak ek NOU?

Ek voel oorweldig. Ek kan tog nie vir die Here néé sê nie? Maar wat maak ek met al my ander verantwoordelikhede as ek nou ook nog as ouderling moet dien?

Ja, WAT maak ek nou?

Marta worstel ook met die vraag wat sy en haar sussie Maria NOU moet doen (Lukas 10:38-42). Jesus kuier by haar. Sy werk kliphard om as gasvrou te sorg dat alles reg is (10:40). Dis goeie werk wat sy doen, want deur gasvry te wees, wys jy iets van die Here se karakter.

Marta werk nie alleen nie. Néé, in vers 39 word gesê dat haar sussie Maria ook hard aan die werk is (al lees ons nie die ook in die Afrikaans nie). Altwee sorg saam dat Jesus voluit bedien word. Tog is Marta omgekrap, want Maria het NOU by Jesus gaan stilsit en luister. Dit kan tog nie! Die werk moet éérs klaar voordat mens kan gaan sit en kuier! Daarom kla Marta by Jesus oor Maria!

Hoe reageer Jesus (10:41-42a, letterlik vertaal)?

Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar één ding wat ontbreek, is nodig!

Marta, om te werk, om My gasvry te versorg, is goed. Maar NOU is iets anders nodig. NOU is dit nodig om by My te kom sit en luister. Daarom sê Jesus (vers 42, letterlik vertaal):

Maria het die goeie deel gekies. Ja, Marta, om NOU by My te sit en luister, dit is wat NOU vir jou goed is!

Hiermee beklemtoon Jesus hoe belangrik dit is om te kan onderskei WAT ... WANNEER ... goed is. Daarom sê Jesus vir die man wat sy pa wou begrawe dat die dooies hul eie dooies moet begrawe, maar dat dit nou vir hom die tyd is om die koninkryk van God te gaan verkondig (Lukas 9:60). En vir Johannes se volgelinge wat kla, sê Jesus dat dit nie NOU die tyd vir vas is nie; dit sal later kom (Matteus 9:15).

Baie dinge wat jy en ek kan doen, is goed. Máár elkeen is goed OP SY TYD.

Wanneer ek dus worstel om al my verantwoordelikhede te balanseer, moet ek vashou:

Daar is nie vaste reëls wat bepaal wat ek wanneer (moet) doen nie.

Ek het die Gees se wysheid nodig om te kan bepaal wat NOU ... in my oomblik (NOU) ... die goeie is!

Daarom bid ek vir wysheid terwyl ek vra:

- In alles leef ek ONDER die Here: In watter seisoen van die lewe is Hy met my?
- In alles leef ek VOOR die Here: Wat is vir Hom goed?
- In alles leef ek VIR die Here: Hoekom wil ek hierdie doen?
- In alles leef ek UIT die Here: Sorg ek dat ek tot rus kom, geestelik en liggaamlik?
- In alles leef ek DEUR die Here: Waarheen, op watter pad, lei die Gees my?
- In alles leef ek IN die Here se liggaam: Hoe dien ek my gesin én my geloofsfamilie?
- In alles leef ek OP die Here se aarde: Hoe versorg ek Sy mense en Sy skepping?

Here, lei U my om NOU te doen wat NOU die goeie is.

Gebedsversoeke - Balans

Carina Pyper

Om verantwoordelikhede te balanseer in hierdie gejaagde lewe kos uitdagende tydsbestuur. Om as werkende ma en pa wat na 'n gesin, dikwels ook ouers, moet omsien en ook vele ander dinge moet hanteer, kan mens uitgebrand en moeg laat. Dan moet mens nog tyd maak vir Bybel lees, godsdiens en kerk.

**En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.
Filippense 4:7**

Ons kan in ons besig wees – dan juis – by die voete van Jesus tot rus kom. Daar kan ons te midde van alles, sy Vrede in die storm ervaar. So kry ons die versekering dat Hy daar is vir ons, al voel dit nie altyd so nie. Al gaan ons deur 'n dal van doodskaduwee, Hy is met my. Daar is 'n Goddelike plek van Vrede te midde van die gevoel van te-veel-om-te-hanteer.



Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Ons besef U is in beheer al gaan dit partymaal so rof met ons, as ons voel die gejaagdheid van die lewe wil ons onderkry. Daarom bid ons tot U, dat die vrede van onse God wat alle verstand te bowe gaan, ons harte en sinne sal bewaar in Jesus Christus. Dat ons in moeilike tye nie verlore sal voel nie, maar daardie diepe vrede van U sal ervaar en rus sal vind by U.
AMEN

DRAAI TERUG NA GOD

**Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik.
Jesaja 55:7**



Hemelse Vader, wees asseblief met ons land en regering. Ons het afvallig geword. Ons afgod is geld, mag, korrupsie en gemak. Dis gewortel in die self.

Ons sien soveel verkeerde dinge om ons in ons leiers, maar ons besef nie altyd dat ons ook self ons sondes moet bely en na u moet terugdraai nie. Here help ons asseblief om die self te kruisig. Dit geld nie net vir ons regering en ons leiers nie, maar ook vir onself. Ons moet soos 'n Daniël tyd maak om U gedurig aan te roep. Ons moet onself verootmoedig in gebed, ons moet bid vir ons land en die wêreld waarin en waarop ons woon. Ons bid dat ons in hierdie land van ons hande sal vat en U sal soek, eer en verheerlik. U is Heilig, Heilig, Heilig. U is die ewige God en Almagtige Barmhartige Vader wat ons daar gestel het om U te dien met hart, siel en verstand. Help ons asseblief daarin. Here, laat ons dan ons hoofde buig en U aanbid in alle omstandighede. Help ons om te groei in geloof en werke, want geloof loop uit op werke en gehoorsaamheid aan U.

Here, seën asseblief ons land en al die nasies wat hier saam woon, dat ons liefde sal leef en diensbaar sal wees. Ons bid dat ons U lig sal uitstraal en helder sal skyn. Help ons om U Woord en U Waarheid uit te leef.

Wees ook met ons gemeente en elke lidmaat. Ons bid ook vir ons Gereformeerde Kerkverband en die draaipunt waar ons is na die Sinode besluite. Ons bid dat te midde daarvan ons nie moed sal verloor nie, maar sal vashou daaraan dat U ons hierdeur sal lei. Lei ons asseblief deur die Heilige Gees in eenheid en U waarheid wat ons uit U Woord leer. Ons bid vir die volheid van U Gees in ons. Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. In Jesus Naam.
AMEN

Trotseer die koue met warm harte!

Johnny Beumer

Op 'n koue wintersoggend, terwyl die span die klerasie, kombuisware en linnegoed uitdra, begin 'n groep mense saamdrom by die kerk se toe hek. Wanneer die span gereed is, word die hek oopgemaak en die kopers word gevra om eers 'n groot kring te vorm. Dan bid ons almal saam dat die Here die verkoping sal seën.

Na die openingsgebed storm die kopers na die tafels. Die Bybeltafel en die skoenetafel word veral druk besoek en die spanlede van die Tweedehandse Verkoping Diensgroep moet bontstaan soos wat almal gelyk gehelp wil word.

So gaan dit met 'n tipiese verkoping, maar daar is natuurlik ook werk wat vooraf nodig is. So 'n week voor die verkoping kom 'n groep spanlede in die saal bymekaar om al die goedere wat deur ons lidmate geskenk is, te sorteer en pryse daaraan vas te heg. Die doel is nie om maksimum wins te maak nie, want die **verkoping het ook ten doel om uit te reik na ons omliggende omgewing se werkers – hulle wat sukkel om hul gesinne te klee en te voed**. Die goedere word dus goedkoop gemerk om hulle te help. Een vrou het op 'n keer teruggekom na die verkoopspan en kom dankie sê. Sy sê toe dat sy vandag met **R200** haar hele gesin kon klee. Die blydschap op haar gesig was onbeskryflik. Tog word daar elke maand 'n mooi bedrag ingesamel en hierdie gelde word dan aangewend om nuwe Bybels aan te koop.



Verkoopspan tydens Augustus 2026 verkoping



Tipiese verkoping

Bybelverspreidingstand soos na die verkoping op 3 Augustus



Die afgelope verkoping op **3 Augustus** het **R3 693** ingebring en daar is **73** Bybels by hierdie verkoping verkoop. Dit is wonderlik dat God ons as instrumente gebruik om Bybels in al ons **11** amptelike landstale en in Zimbabwe se Shonataal te versprei. So word God se grootheid en liefde aan al hoe meer mense geopenbaar. Die tweedehandse verkopings kan dus beskou word as een van ons evangelisasie aksies.

As dit so druk gaan net na die opening van die verkoping, kry 'n mens maar min geleentheid om 'n geestelike gesprek te voer, maar later wanneer die druk bietjie afneem, kom daar tog geleenthede om gesprekke aan te knoop. Heidelbergse Kategismusboekies word gratis uitgedeel saam met die Bybels en daar word dan aan die kopers verduidelik dat die kategismusboekies gebruik kan word vir hul Bybelstudie.

Daar word ook tyd vir ontspanning tydens die verkopings en vooraf sorterings ingeruim en ds. Attie is 'n staatmaker. Hy sorg elke keer vir koffie en as hy nie daar kan wees nie, doen sr. Marietjie Kurpershoek dit. Baie dankie julle!



Goedere word gesorteer

Lidmate wat belangstel om by hierdie diensgroep aan te sluit, is baie welkom. Jy kan met die sameroeper, br. Johnny Beumer (**082 885 3573**) kontak maak of bloot net jou naam by die kerkkantoor opgee.

As jy MOOT weet sal jy ...

Nicola du Plessis

“Mootkamp is ’n kamp van die Gereformeerde Kerke se streeksinode Pretoria. Moot is in 1988 gestig in opdrag van die streeksinode met die doel om die jeug op te vang, sodat aktiewe lidmate gekweek word vir die GKSA. By die Mootkamp bou jongmense in ’n Christelike omgewing nuwe vriendskapsbande terwyl hulle ook saam nader aan hulle hemelse Vader groei.”
mootkamp.co.za

Jy is eers die tweede dag van Moot-moord vermoor? Dít wil gedoen wees!

Mootkamp 2026 was hope pret. Moot's got talent het gesorg vir baie lag. (Jy sal nooit weer dieselfde na die lewe kyk nadat jy “’n dag in die lewe van ’n gemeenskaplike tandeborsel” gesien het nie!) Word jy aangewys as paartjie van die dag? Baie geluk! Jy en ’n wildvreemde vreemdeling moet vir die volgende 24 uur ’n pop oppas! (Vra maar vir Eric). Daar was volleybaltoernooie, kampvuurkuiers, molassegevegte en natuurlik, die ding wat al die nuwe kampers onkant gevang het: BLOU Maandag ... die water was blou, die kos was blou, die groepleiers was blou ...

Elke oggend het ons die geleendheid vir Jabbokstille gehad, waar jy in stilte buite in die natuur ’n teksgedeelte deurgewerk het. Met die tema “Leeg is die nuwe vol” is daar baie leersame gesprekke deur die loop van die week met die dominees op die kamp gevoer.

Ons het mekaar se nukke leer ken. Ons het mekaar se sterkpunte leer ken. Die bande van vriendskap is versterk – dit is immers hoe ware vriende mekaar vind.

Skryf solank my naam op! Ek gaan beslis volgende jaar weer! Want as jy Moot weet sal jy!



'n Nuwe wyk! 'n Nuwe ouderling! 'n Nuwe geleentheid vir geloofsgroei!

Ds. Pieter Kurpershoek



Gedurende die afgelope dae het elkeen van ons waarskynlik al 'n boodskap gekry met 'n nuwe ouderling se naam, telefoonnommer en 'n nuwe wyksnommer. Daarom is dit nie vreemd nie dat daar gevra word: Hoekom hierdie veranderinge ... juis nou?

Die aanleiding tot hierdie veranderinge was aanvanklik die feit dat sommige ouderlinge as gevolg van hul gesondheid begin vra het om net besoeke in die dag te doen. Daarmee saam het die ouderlinge al meer begin besef dat dit nodig is dat jonger lidmate wat reeds hul geloof bely het, maar nog saam met ma en pa in die huis woon, onafhanklik van pa en ma besoek moet word. Ook het die lidmate in 'n wyk dikwels min tot geen kontak met mekaar gehad en dan soms ook nog baie verspreid gewoon.

Gedurende 2025 het die ouderlinge ook saam besin oor die vraag:

Hoe kan ons as ouderlinge elkeen wat deel is van ons gemeente, nog beter begelei in sy of haar lewe uit ons Here Jesus, maar ook in sy of haar lewe saam met medegelowiges?

Uiteindelik het die ouderlinge besluit om die volgende oorwegings as vertrekpunt te neem in 'n moontlike herorganisering van ons wyke:

- Kontak tussen lidmate (gerig op 'n geloofsgemeenskap) moet bevorder word.
- Doelgerigte aandag aan die bediening van jonger lidmate is noodsaaklik.

- Doelgerigte bediening van verskillende groepe in die gemeente toon verskille ten opsigte van die aard van bediening en struktuur wat gebruik word.
- Sinvolle bediening van lidmate maak dit nodig dat die bestaande verhouding tussen ouderling en lidmaat soms behou word, maar in ander situasies beëindig word.

Op grond van hierdie oorwegings is toe besluit om die wyke beide geografies en in belangegroep te verdeel. Dit het daartoe gelei dat die wyke nou as volg ingedeel word.

Wyke 1-20

(Senior)lidmate wat in die dag besoek kan word

Wyke 21-30

Werkende persone en gesinne (waar kinders nie meer in die skool is nie)

Wyke 31-40

Werkende gesinne (met kinders wat nog op skool is)

Wyke 41-50

Jonger lidmate

Wyke 51-53

Lidmate wat buite die stad woon

Waar hierdie veranderinge nou 'n werklikheid geword het, vertrou ons dat elkeen hierdie nuwe geleentheid tot geloofsgroei sal aangryp! Mag ons saam groei om al meer so volmaak en volwasse soos Christus te word. Mag ons vir mekaar bid en mag ons veral ook vir ons ouderlinge bid in hul dienswerk!

Só beskik God ons ondersteuning aan Mosambiek

Johnny Beumer

Wanneer ons bid en glo, kom daar uitkoms.

Aan die einde van verlede jaar het dit vanweë 'n tekort aan fondse na 'n onmoontlike saak gelyk om weer 'n kursus vir kerkleiers in Noord-Oos Mosambiek aan te bied. Ons het toe 'n uitreik aan 'n paar gemeentes beplan deur een of twee persone van ons gemeente wat heelwat minder sou kos. Die nuus is egter nie goed ontvang deur die Tumbine Sinode in Mosambiek nie en hulle het ernstig gepleit dat ons dit weer moet oorweeg. Die twee-weke kursus wat verlede jaar aangebied is, was só suksesvol en geseënd dat die Sinode gevra het dat 'n soortgelyke kursus vanjaar aangebied word.

Die Here het gewys dat ons op Hom moet vertrou! Nadat die behoefte aan ander gemeentes bekend gemaak is, het die een na die ander skenking ingekom wat ons in staat gestel het om die kursus te reël.



Die kursus gaan weer in Milange aangebied word en gaan deur **37** predikante, of ouderlinge waar gemeentes vakant is, bygewoon word. Die kursus begin op **18 Augustus**, loop ten einde op **28 Augustus** en word weereens aangebied deur dieselfde drie predikante, naamlik **di. Danie Murray en Johannes Aucamp** van Suid-Afrika en **pastor Ronald Chimzimu** van Malawi.

Die kursus gaan op vier temas fokus:



Geestelike groei

Leierskap



Offervaardigheid

Dissipelmaking



Ons hoop om op 'n daaglike basis terugvoering te ontvang oor die verloop van sake. Vir die doel gaan sr. Lizanne Aucamp, eggenote van ds. Johannes, berigte uitstuur op die TOPIA (Training of pastors in Africa) se whatsapp-groep. Enige lidmaat wat graag ingesluit wil wees by daardie groep, moet so gou moontlik hul naam en kontaknommer aan die kerkkantoor deurgee.

Ons vra voorbidding vir die kursus. Bid asseblief dat:

- ✦ Al die predikante wat dit gaan bywoon asook die drie aanbieders veilig na Milange sal reis.
- ✦ Die Heilige Gees die aanbieders sal inspireer om die kursus aan te bied in ooreenstemming met Sy wil.
- ✦ Die aanhoorders se harte ontvanklik sal wees en hulle geïnspireer sal word om die kursusinhoud na hul gemeentes deur te dra.
- ✦ Die onderskeie gemeentes met vrymoedigheid die evangelie sal versprei in die gemeenskappe waarin hulle woon.

Ons hoop om volgende maand ook in hierdie blad te kan rapporteer oor die verloop van die kursus.

Waarom al die vergaderings?

Gerhard van Staden



Geen organisasie of groep kan voortbestaan as daar nie 'n mate van orde is nie. Orde binne 'n gemeenskap vorm die basis vir 'n veilige, stabiele en funksionele omgewing waarbinne individue en groepe kan lewe, werk en ontwikkel.

So is dit ook volgens die Kerkorde (KO) (artikel 1) noodsaaklik om goeie orde in die kerk van Christus te onderhou. Hierdie orde geld vir eredienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en seremonies en die kerklike tug.

Binne hierdie konteks, is daar ook kerklike vergaderings wat onderhou moet word soos onder meer die kerkraad, klassis, streeksinode en algemene sinode (KO artikel 29). (Vergelyk ook Johan Potgieter se artikel in die Fontein Maandblad, Desember 2025). Hierdie kerklike vergaderings moet alleen kerklike sake hanteer en dit op kerklike wyse benader (KO artikel 30).

Alle gemeentes moet 'n kerkraad hê wat uit die bedienaar van die Woord en die ouderlinge (KO artikel 37) bestaan. Die diakens moet gereeld saamkom om sake wat op hul amp van toepassing is, te bespreek. Die bedienaar van die Woord moet daarvoor goed toesig hou, en indien nodig, daarby teenwoordig wees (KO artikel 40).

Die bogenoemde artikels, soos omskryf in die Kerkorde, bied die riglyne van hoe sake binne 'n gemeente hanteer moet word.



Die instruksies hoe om aan die bepalings te voldoen, kom vanaf die kerkraad. Die kerkraad kan nie al die funksies self uitvoer nie en derhalwe word daar kommissies aangestel om die werk uit te voer. Die kommissies doen dan verslag aan die kerkraad oor hul werksaamhede. Die diakonie darenteen, funksioneer onafhanklik van die kerkraad, maar rapporteer IN die kerkraad oor sy werksaamhede (vgl. KO artikel 25).

In ons gemeente is daar tans nege kommissies, verskeie ander diensgroepe, byvoorbeeld gebedsbediening, susters, Terebinte, ensovoorts (met hul eie komitees) asook die diakonie met sy nege diensgroepe. Sien ons kerkkalender se agterblad vir meer besonderhede.

Al hierdie kommissies (sommiges het selfs sub-kommissies), ondersteuningsgroepe en die diakonie moet gereeld vergader om hulle werksaamhede op 'n sinvolle wyse te koördineer en beheer uit te oefen. Dit kan slegs deur middel van vergaderings geskied. Hierdie vergaderings geskied dus of maandeliks, of kwartaalliks of ses-maandeliks, afhangende van hul behoeftes. Alle vergaderings word op die jaarprogram in die kerkkalender geskeduleer. Daar mag egter van tyd tot tyd adhoc vergaderings geskeduleer word. Alle vergaderings word genotuleer en alle besluite geneem word in die notule aangeteken en word dan as bindend beskou.

Dus, as u al ooit gewonder het waarom daar so baie vergaderings gehou word, is bostaande dalk die antwoord. Om te vergader is nie altyd maklik nie, maar dit moet gedoen word ter wille van goeie kerkorde, maar ook om te verseker dat dinge wel gebeur.

Kerkfinansies - Julie 2026

	Julie 2026		Jaar tot datum	
Inkomstes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentasië Mmakau	**	**	**	**
Bate-instandhouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Diensgroepe	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto tekort vir die maand	**	**	**	**

Vir **Julie 2026**, het die kerkkas 'n netto-tekort van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto-surplus van ** gehad. Die lidmaat bydraes was ** meer as die begrote maand lidmaat bydraes. Die lidmaat bydraes vir die jaar tot datum is ** meer as die begrote lidmaat bydraes.

Ons is die Here dankbaar vir sy getroue voorsiening en ook vir die gemeentelede, vir hulle bydraes om die kerk en die begrotingsdoelwitte te ondersteun. Ons doen 'n beroep op die gemeentelede om asb. getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas. Gebruik asb. jou nuwe wyknommer as verwysing: **Wyk + Van + Noemnaam**

Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

André en Marijke Jansen van Vuuren

Gedurende die afgelope wintermaande het ons as gemeente 'n nuwe broer en suster ryker geword, naamlik André en Marijke Jansen van Vuuren. Hulle was vir 32 jaar deel van Akasia-gemeente, maar het besluit om nou hier saam met ons uit en vir ons Here Jesus te kom leef.

André en Marijke ken mekaar vanaf Graad 8, toe hulle saam in die suide van Johannesburg deel van die JV van GK Johannesburg-Suid was. Hulle is aan die begin van 1990 getroud en het hulle toe eers in Alberton gevestig. In 1994 het hulle Pretorianers geword toe hulle in die huis ingetrek het waarin hulle nou nog in Theresapark woon.

André en Marijke het een dogter, Yolandi, wat alreeds 18 jaar in Australië bly. Hulle is die trotse oupa en ouma van Jordan en 'n tweede kleinkind word DV in Desember gebore. Ouma sien dan ook baie uit na 'n kuier DV April 2027 wanneer sy haar kleinkinders die eerste keer kan gaan vasdruk!



Sedert 2018 is hulle albei deel van die pensioenaris-generasie. Voor 2018 het Marijke vir meer as 37 jaar by Nedbank se kredietafdeling gewerk, waarvan die laaste 7 jaar by hul nuwe Menlyn Mainetak. André was aanvanklik by die Vleisraad betrokke en het daarna vir Shoprite opleidingswerk, veral gerig op die SETA-opleiding, gedoen.

Hulle hou daarvan om die karavaan te haak en in die wildduin of by die Natalse Suidkus te gaan kamp. Intussen druk hulle ook gereeld die WhatsApp-telefoontjie sodat hulle darem met die Australië-kindere kan kontak hou.

André en Marijke: Hartlik welkom in Pretoria-Annlin. Mag julle saam met mekaar en met ons vanuit en vir ons Here Jesus leef en mag ons saam diensbaar wees in sy koninkryk!



Kollig op ons kommissies en diensgroepe

Ons jeug – die fondasie van ons gemeente se toekoms in Christus

Gerhard van Staden

Een van die aspekte waaraan aandag gegee word in ons gemeentebediening is die rol wat ons jeug in die gemeente speel.

Ons jeugbediening betrek ons voorskoolse kinders tot ons graad II jongmense. Daar word deurgaans gepoog om ons kinders nie net aan die God se Woord bloot te stel nie, maar om ook op verhoudinge met mekaar en binne die gemeente te fokus.

Daar is tans twee diensgroepe wat met die jeug werk. Die een staan onder leiding van br. Thomas Venter en staan bekend as die **Jeugbedieningskommissie** wat direk aan die Kerkraad rapporteer, terwyl die ander diensgroep onder die Diakonie val en bekend staan as die **Jeugdiensgroep**.

Die onderskeid tussen die groepe word verduidelik op die gemeente se webtuiste met duidelike doelwitomskrywings wat die twee groepe se werksaamhede formuleer. Hoewel die twee groepe se werksaamhede verskil, is daar tog ook 'n mate van oorvleueling en wisselwerking.

Die Jeugbedieningskommissie se hooftaak is om ons jeug op hul geloofspad te begelei deur geleenthede te bied om eredienste, katekisasieklasse en jeugaktiwiteite by te woon om hulle vir die toekoms voor te berei vir hul rol as belydende lidmate.

Die kleuterbedieningsgroep, onder leiding van sr. Lisa Vosloo, is ook deel van hierdie kommissie. Ds. Pieter is verantwoordelik vir die belydenisklas. Hierdie kommissie sien ook toe dat groepsaktiwiteite gereël word, dat jeugkampe bygewoon word en dat daar na die algemene welstand van ons jeug omgesien word.

Die diakonie se jeugdiensgroep daarenteen het ten doel om die betrokkenheid van die jeug binne gemeenteverband meer diensbaar te maak in die gemeente asook om onderlinge liefde op 'n vroeë ouderdom onder mekaar te bevorder. Om dit te kan bewerkstellig, word die jeugdiensgroep in drie afsonderlike entiteite verdeel, naamlik laerskool, hoërskool en na-skool. Elke subgroep het sy eie koördineerder, 'n diaken, wat verantwoordelik is om sy/haar eie aktiwiteite te reël en toesig te hou.

Ons jeug speel 'n belangrike rol in ons gemeente en daarom is dit belangrik om hulle na geestelike volwassenheid te lei. Om dit te kan doen, wil ons die jeug graag toerus sodat hulle hulle mede-lidmate kan ondersteun deur middel van omgee, diens binne en buite die gemeente en gebed. Dit is belangrik om kennis te neem dat die diakonie se jeugdienste geensins die kleuterbediening en kategete vervang nie, maar dat dit wel aanvullend en tot voordeel van ons jeug se algemene welstand in ons gemeente is.


Diakonie

Die President Kruger Kinderhuise

Gerhard van Staden



In Villieria is daar 'n nederige huis. Dié huis beteken egter soveel meer – dit is 'n tuiste, 'n veilige hawe en 'n heenkome vir kinders uit die weerloosste gedeelte van die samelewing. Die **President Kruger Kinderhuis** is een van die oudste kinderhuise in die land en het in **1939** in Pretoria tot stand gekom. Die Gereformeerde Kerke het destyds die nood na die Anglo Boere-oorlog van **1899-1902**, asook gevolge van die groot depressie en droogtes in die vroeë **1930's** raakgesien. 'n Kinderhuis is gestig om die kinders in te neem wat sonder heenkome gelaat is. Dié kinderhuis is vernoem na oudpresident Paul Kruger. 'n Tweede kinderhuis is sowat dertig jaar later in **1961** in Reddersburg in die Vrystaat tot stand gebring.



Die kinderhuise in Pretoria en Reddersburg huisves gemiddeld **120 kinders** wat deur 'n hofbevel uit traumatiese huislike omstandighede geneem en in die sorg van die kinderhuis geplaas is. Dié huise bied vir die kinders 'n veilige heenkome en 'n gevoel van geborgenheid, ondanks erge finansiële druk en talle ander uitdagings. Die departement van sosiale ontwikkeling dek slegs **30%** van die kinderhuise se uitgawes. Die res word voorsien deur die publiek en besighede by wyse van donasies en deur kerklike bydraes vanaf die Gereformeerde Kerke.

Die ouderdomme van die kinders wissel tussen **2 en 18**. Die kinders wat hul skoolloopbaan voltooi het, kry ook 'n hupstootjie na 'n volwasse lewe deurdat hulle kan deel vorm van die Pretoria kinderhuis se **“Huis van Drome”**-studenteprogram. Die program dien as 'n na-skoolse oorgangsfase vir die na-skoolse kinders, waar hulle met die kinderhuis se bystand kan aanbly in die studentebewoening op die Pretoria kinderhuis se perseel, totdat hulle selfversorgend is. Die kinderhuis bekom borge sodat hierdie kinders kan gaan studeer en help dan verder om die kinders in geskikte werksomgewings te plaas. Dit maak die President Kruger Kinderhuise anders as ander nie-winsgewende organisasies.



Ons, as die Gereformeerde Kerk Pretoria-Annlin gemeente, onder die vaandel van die diakonie se diensgroep vir versorging en barmhartigheid, kan met trots en innige dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader sê dat ons vir baie jare reeds betrokke is om die President Kruger Kinderhuise te ondersteun. Die maandelikse diakonale bydraes wat aan die President Kruger Kinderhuise oorbetal word, word gelykop tussen die Pretoria en die Reddersburg kinderhuise verdeel.

Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan **borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid!** Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydrae wat deur van ons lidmate ingedien is:

Verlede Sondagaand het ek net weereens besef wat dit beteken om deel te wees van 'n gemeente waar lidmate 'n hart het vir diegene wat swaarkry. Dit het onder ons aandag gekom dat daar 'n oom in Mirtehof is wat glad nie 'n warm baadjie het nie. Hy het 'n maatgrootte nodig gehad wat nie algemeen beskikbaar is nie.

Ek is deel van die tweedehandse verkoping-diensgroep en het toe begin soek na so 'n maatgrootte, maar kon dit nie in die hande kry nie. 'n Broeder in ons gemeente wat dieselfde grootte is, vra toe die aand of ek vir die man 'n baadjie tussen die tweedehandse klere kon kry.

Nadat ek ontkennend geantwoord het, trek hy, sonder om tweemaal te dink, sy lekker warm leerbaadjie uit en gee dit vir my om vir die man te gee. Die gebaar gaan nie net die oom verwarm nie, maar dit het ook my hart verwarm.

Blokraai - Augustus 2026

- * Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- * Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- * Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.


Ons het vanaf Julie 2026 met die nuwe suksestelling begin: Elke opeenvolgende maand wat jy 'n korrekte blokraai instuur, kry jy 'n fonteintjie. Die lidmaat wat teen Julie 2027 die meeste fonteintjies het, kry 'n spesiale prys. So probeer jou bes om elke maand die korrekte blokraai in te stuur!

- * Neem 'n kopie by die kennisgewingbord en voltooi dan die blokkiesraaisel. Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- * Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papier-weergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

Vorige korrekte blokkiesraaisels:

- * Rita Kruger 
- * Andrie Beumer 
- * Jan Rehder 
- * Cobie Plomp 
- * Hettie Wannenburg 
- * Blignaut Viljoen 

Naam en van: _____



Blokraai (vervolg)


Leidrade - Af:

1. Die Jeugbedieningskommissie staan onder leiding van _____. (6,6)(uit Ons jeug – die fondasie van ons gemeente se toekoms in Christus)
2. Die President Kruger Kinderhuis is in Pretoria en _____. (uit Die President Kruger Kinderhuis)
3. Een van die kernpilare vir balans in jou aftrede is ____balans. (uit Balans in aftrede)
5. Die oom in Mirtehof het die item nodig gehad. (uit Dit borrel in my!)
7. Waarvoor staan die afkorting KO? (uit Waarom al die vergaderings?)
9. Wat kan 'n afgod word as ons nie balans in ons prestasies het nie? (uit Balans in prestasies)
12. Wie is die skrywer van die gebedsversoeke? (uit Gebedsversoeke)
13. Die Moot's got ____ was tydens die Mootkamp 'n wenner. (uit As jy MOOT weet sal jy ...)
15. Wat gebruik Paulus om te preek oor ewewig en balans? (uit Bepaal jou ewewig)

Leidrade - Dwars:

1. Wie se woorde is die aanhaling van die maand? (6,6)(uit Redakteursbrief)
4. Wat is André en Marijke Jansen van Vuuren se eerste kleinkind se naam? (uit Ons leer ken ...)
6. Dié item trek baie kopers by die tweedehandse verkoping. (uit Trotseer die koue met warm harte)
8. Wat is onder andere belangrik vir geestelike balans? (uit Laat Jesus jou lewenskaal balanseer)
10. Een van die oorspronklike tale waarin die Bybel geskryf is. (uit Het jy geweet?)
11. In watter stad het die eerste tekens van honde voorgekom? (uit Diere en voëls van die Bybel)
14. Wat is een van die dinge wat 'n tiener se daaglikse skedule oorvol kan maak? (uit Waar ontbreek balans in my lewe?)
15. Waarvan is meeste inwoners van Mirtehof afhanklik? (uit Vreugde vir Mirtehof-inwoners)
16. Wat het die toring van Parys geruïneer? (uit Die tuimelende toring van Parys)
17. Marta was 'n goeie _____. (uit Wat is NOU ... die goeie?)

Oplossing: Julie blokraai



Het jy geweet?

Balans is om effektief aandag te gee aan die dinge wat **werklik van waarde** is. Luister voortdurend na die stem van die Heilige Gees wat met jou praat.

Bron:

Maksiman se lysies vir die lewe. 2007.
Vanderbijlpark: Carpe Diem Media.

(Statistiek)

In die oorspronklike tale (Hebreeus, Aramees en Grieks) is die Bybel se woordtelling ongeveer **611 000**.

Bron:

Het jy geweet? Fassinerende feite uit die Bybel. JUIG! Tydskrif.

Ons leer ken ...

Vreugde vir Mirtehof-inwoners

Andrie Beumer

Die eenmalige uitreikaksie na Mirtehof-aftreeoord deur die jeug van Annlin-gemeente ongeveer 10 jaar gelede, het uitgeloop op 'n permanente betrokkenheid deur een van die susters van ons gemeente.

'n Klompie van ons jeug het die inwoners van Mirtehof jare gelede besoek om bietjie vreugde in hulle daaglikse lewe te bring. Die aksie is geïnisieer deur Marietjie van der Walt, wyle Annemarie Venter en Willie Burger. Na die besoek is Marietjie so aangegryp deur die moeilike omstandighede van die Mirtehof-inwoners, wat afhanklik is van Sassa-toelaes, dat sy gevra het vir verdere betrokkenheid vanuit ons gemeente. So het die krat in die voorportaal verskyn waar gemeentelêde basiese toiletware en nie-bederfbare voedselprodukte kon plaas. Geldelike bydraes het gevolg om aanvullings te doen en die susters en diakonie het ook betrokke geraak. Die Susters het ook al bygedra om aan die behoeftes van die inwoners te voorsien.

Kersfees in Julie: Verlede week het suster Marietjie weer namens ons gemeente deelgeneem aan Mirtehof se **“Kersfees in Julie”**.

Geagte Gemeente van die Gereformeerde Kerk Annlin

Namens al die inwoners en personeel van Residentia Mirtehof wil ek my opregte dank en waardering uitspreek aan elke gemeentelid wat bygedra het om ons inwoners tydens ons jaarlikse “Christmas in July” funksie te bederf.

Danksy julle ruimhartigheid was dit 'n besonderse dag, gevul met vreugde, lag en kosbare herinneringe. Julle weet dalk nie hoe groot die verskil is wat so 'n geskenk maak nie. Die toiletware wat elke inwoner ontvang het, word opreg waardeer. Gedurende die wintermaande neem 'n bejaarde se lewenskoste dikwels aansienlik toe weens verhoogde mediese uitgawes en ander winterverwante kostes. Daarom bring hierdie geskenke nie net vreugde nie, maar verlig ook 'n deel van hul daaglikse finansiële druk.

Ons wil die Gereformeerde Kerk Annlin ook besonder bedank vir julle jarelange getrouheid en volgehoue ondersteuning. Julle bereidwilligheid om jaar na jaar by te dra tot hierdie geleentheid, getuig van ware omgee en liefde vir ons bejaardes. Mag die Here elkeen van u ryklik seën vir die liefde, omgee en milddadigheid wat u aan ons inwoners bewys het.

*Met opregte dankbaarheid
Vriendelike groete
Hannelie van Wyk - Bestuurder*



RESIDENTIA
MIRTEHOF

Hierdie jaarlikse projek het ontstaan omdat die wintermaande die inwoners se finansies knou vanweë groter medisynereneninge en ander winter-verwante uitgawes. Die dag word so gereël dat 'n heerlike **“kersmaaltyd”** met alkoholvrye sjampanje by feestelik gedekte tafels bedien word. Die hele eetsaal word sprokiesmooi versier. Daar word geskenkpakkies wat bestaan uit toiletware uitgedeel en kunstenaars wat gratis vermaak verskaf, helder die dag verder op.

Kom koop sonder 'n beursie: Ons gemeente is verder betrokke deurdat goedere wat vir die tweedehandse verkoping voorsien word, ook deurgegaan word en stylvolle klerasie wat meer geskik is vir ouer persone, eenkant gehou word. Elke jaar word hierdie klere, asook skenkings uit ander oorde netjies op tafels uitgepak en die inwoners kan “Kom koop sonder 'n beursie”. Klerasie wat hier oorbly, word dan aan ander ouetehuse geskenk.

Die kerkkantoor het ook 'n mooi brief, waarin die gemeente bedank word, van Hannelie van Wyk, die bestuurder van Mirtehof, ontvang:



Diere en voëls van die Bybel



Honde (Deel 7)

Gerhard van Staden

In die sewende aflewering oor soogdiere kyk ons na die honde. Dit word beweer dat honde alreeds 7 500 v.C. getem is. Die vroegste tekens van honde wat in die Beloofde Land voorgekom het, was in Jerigo. Dit was ongeveer 7 000 v.C. Honde word 41 keer in die Bybel genoem.

Gedurende die Bybelse tyd is die hond hoofsaaklik geklassifiseer as 'n aasdier. Hulle funksie was om karkasse in die dorpie en die buite-mure van stede te verorber soos wat die hiënas dit in hedendaagse tye doen. Die Jode het honde as uiters onrein beskou en het gevolglik 'n baie lae dunk van honde gehad. Meeste honde was ook semi-wild gedurende daardie tyd.

In 2 Konings 9:33-36 word vertel hoe die honde koningin Jesebel se vleis (haar liggaam) opvreet na haar grusame dood. Dit was presies soos Elia geprofeteer het. Hierdie praktyk was daardie tyd nie ongewoon nie omrede lyke somtyds net so gelos is vir die aasdiere om dit te verwyder. Hierdie praktyk is nie oor die algemeen deur die Jode gebruik nie, maar is tog doelbewus gepleeg as 'n teken van disrespek teenoor Jesebel.




Die eerste verwysing na 'n hond kom in Eksodus 22:31 voor waar daar opdrag gegee is dat “julle mag nie vleis eet van diere wat in die veld verskeur is nie. Gooi dit vir die honde”. Dit is dus duidelik dat honde minderwaardig geag is en dat hulle die Israeliete as aasdiere gevolg het tydens die uittog uit Egipte.

Daar word ses keer melding gemaak van honde wat mensvleis eet en bloed lek in die boek 1 Konings. Dit moes werlik afstootlik vir die Jode gewees het!

Verdere verwysings na honde kom, onder andere, in Spreuke 26:11 en 2 Petrus 2:22 (hond wat terugkeer na sy eie braaksel), Prediker 9:4 ('n hond wat lewe is beter as 'n leeu wat dood is) en Job 30:1 en Jesaja 56:10 (moontlik 'n verwysing na waghonde in die figuurlike sin) voor.

In ons volgende artikel (September 2026) kyk ons na die katte.



Bron: Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.



WAAR ONTBREEK BALANS IN MY LEWE?



Wanneer jy na jou daaglikse skedule kyk, is dit so maklik om oorweldig te raak. Dis skool, sport, vriende, buitemuurse aktiwiteite, kerk en nog soveel meer. En elkeen van hierdie dinge stel sy eie eise.

Wat skool betref, is daar verskeie vakke wat elkeen jou aandag verg. Boonop moet jy goeie punte kry en hard werk om uiteindelik toelating by 'n universiteit te kry. Of jy moet hard werk sodat jy kan begin werk.

Met sport doen jy dalk meer as een sportsoort, wat elk sy eie tyd en baie fisiese oefening verg sodat jy kan uitstaan, want dalk sien jy 'n toekoms in sport. Of erger, dalk plaas mense, soos jou ouers, soveel druk op jou en veroorsaak dat jy nie eers meer weet of jy van die sport hou nie.

Vriende wil tyd saam met jou spandeer en verhoudings bou, stokperdjies vat nog tyd en energie. En wat dan oorbly, gee ons vir die kerk, vir God.

En dis waar ons wanbalans begin.

Begin met 'n goeie kwaliteittyd verhouding met Hom, dan sal jy makliker kan weet waar die wanbalans in jou lewe is.

Hier is 'n eenvoudige lys waarin jy kan bepaal wat jy kan hou en dit wat jy dalk moet laat gaan.

1. Begin deur te bid. Vra vir God om jou rustig te maak en insig te gee. Vra dat Hy jou sal wys waar jy te veel tyd spandeer en waar jy nie genoeg spandeer nie.
2. Stel 'n daaglikse program op en teken aan wat jy deur die dag doen en hoeveel tyd jy daaraan spandeer.
3. Bepaal dan wat verg die meeste van jou tyd en energie. Dan gaan jy moet begin keuses maak. Kies wat werklik vir jou belangrik is en hou dit. Sny dit wat nie belangrik is of dit wat nie goed vir jou siel, gesondheid en verhoudings is nie.
4. Daarna kan jy wat oorbly in jou week verdeel, sonder dat jy te veel van een ding doen en te min van 'n ander.

Vader, Heer, gee my asseblief die insig om my dae en lewe so te beheer dat balans daar is. Dat ek nie soveel in my program indruk en vergeet van U nie. Help my dat ek myself nie siek maak met dinge wat my oorweldig en stres veroorsaak nie. Help my ook dat ek nie ander deur my optrede benadeel nie.

Amen

Die tuimelende toring van Parys – Deel 5

Nicola du Plessis

Ek klop huiwerig aan meneer Pretorius se deur.

“Binne!” roep hy.

Ek maak die deur oop. Lara loop met ons karton-gedrog die klas binne, Klara kort op haar hakke en ek agterna.

“Waarmee kan ek julle drie meisies help?” vra hy vriendelik.

My hart klop in my keel toe ek begin praat. “Meneer,” ek maak my keel skoon. “Meneer sien, die saak staan só”. Ek hoop ek klink so belangrik soos wat ek voel. Die taak wat nou op my skouers rus, is immers ’n saak van lewe of dood.

Klara pomp my met haar elmboog in my ribbes. “Praat nou!” fluister sy amper benoud.

“Meneer sien, na ménige mislukte pogings om ons taak te voltooi, het ons uiteindelik gister daarin geslaag, maar vanoggend ... toe reën dit sópnat op die rugbyveld.” Ek maak seker dat ek ékstra klem op my groot woorde sit. Ek hoop dat dit hom genoeg gaan beïndruk vir wat ek nou gaan vra: “En nou wil ons weet of Meneer dit sal kan merk soos wat dit nou lyk en of ons weer van voor af moet begin?”

“Hóé het julle dit reggekry?” Meneer Pretorius kyk verstom na wat eens ’n toring was.

“Meneer, ek het vanoggend toe ons moes gaan toets skryf, hééltemal van dit vergeet. Toe ek my vraestel voor my sien, was dit te laat om terug te hardloop en toe begin dit reën.”

Hy glimlag by die aanhoor van hoe ons in dié dilemma beland het. “Ek sal hom so merk, as julle vir my kan sê wat julle uit hierdie projek geleer het.”


“Wel, eerstens, moenie die ding in die reën los nie,” begin ek.

“Ons het geleer dat die belangrikste deel van so ’n taak, spanwerk is,” gaan Lara voort.

“En ons het geleer dat mens niks sonder goeie tydsberekening kan aanpak nie,” maak Klara ons leerervaring klaar.

Ons loop by die klas uit en ek merk op dat die son se strale deur die reënwolke begin breek. Wys jou net: elke donker wolk het ’n silwer randjie.


Verlig loop ek die Afrikaanse klas binne toe die klok lui om die einde van pouse aan te kondig.



KLEUTERPRET

INKLEURPRENT

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy.
Plaas jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!



Jongmensjolyt

Maak 'n weegskaal

Lees die instruksies mooi deur en maak jou eie weegskaal.

Hier is wat jy gaan nodig hê:

A4 grote karton vir die:

1x weegarm = 4cm x 14cm

2x bakkies = 5cm x 5cm vierkant

*Belangrik, dit moet dik en stewige karton wees!

2x repies kleefband vir die bakkies

1x papierhegter (grip binder)



bakkie

1x toiletpapier rolletjie vir stam

weegarm

2x dun rekkies wat gesny is of 2x toutjies

1x stukkie polistireen vir basis

1. Sny een 4cm x 14 cm weegarm uit jou A4 karton. Vind die middelpunt van die weegarm en maak n gaatjie groot genoeg vir die papierbinder. Maak dan 'n gaatjie aan weerskante van die weegarm waar die bakkies gaan hang. Maak seker hulle is dieselfde lengte weg van die arm se punt.
2. Sny twee 5cm x 5cm vierkante uit jou A4 karton vir die bakkies. Sny dan 'n dun driehoek uit elke hoek van die vierkant om so vorm te kry:
3. Vou dan die vierkant binne-toe om die bakkie te vorm. Maak dit vas met die repies kleefband.
4. Maak 'n klein gaatjie aan beide teenoorgestelde kante van die bakkies, groot genoeg vir die rekkies/toutjies om deur te pas.
5. Vat die rolletjie en maak die gaatjie waar die weegarm gaan kom.
6. Sit die papierbinder deur die weegarm en rolletjie se gaatjies en maak dit vas. Hou bietjies spasie sodat die weegarm steeds kan heen en weer beweeg.
7. Ryg die rekkies deur die gaatjies aan weerskante van die weegarm.
8. Bind die punte van die rekkies aan weerskante van die bakkies vas. Maak seker hulle hang gelyk.
9. Druk die rolletjie in die middel van die stukkie polistireen sodat dit 'n stewige basis het.
10. Plaas nou iets met 'n gewig, bv. 'n knopie, in die bakkies en kyk hoe tiep dit!





Snuffelfontein



Carmen4Afrikaans

-Vind talle Afrikaans Huis-taal lesse en aanbiedings aanlyn! Tans beskikbaar: idiome blokkiesraaisels, woordeboek-en- taalleeroefen, gedigte powerpoint-aanbiedings, letterkunde aantekeninge
-Gaan na www.teacharesources.com/shop/
-Gaan na "Vendor Store" en tik in "Carmen4Afrikaans" en klik "filter".



Heerlike kolwyntjies te koop!


Groottes:

*Klein=R5

*Medium=R8

*Groot=R12

-Kontak vir Magda Pietersen by 083 759 9697 vir bestellings.



Pelvic Care - Mayville

-Bekkenbodemrehabilitasie en welstand.
-30min konsultasie.
-Kontak Renate Wannenburg by 082 443 7081 vir konsultasie.

Blokadvertensies

GEBEDSGROEP VIR JEUG

"Laat die kindertjies na My toe kom..."
Lukas 18:16

"Bid gedurig."
1 Tess 5:17

Met die doop van elke kindjie belowe ons as gemeente om die kindjie te ontvang, vir hom/haar te bid, lief te hê en 'n voorbeeld te wees.

Ons is opsoek na mense wat bereid is om ons kindertjies na Jesus toe te bring deur vurig vir hulle te bid!



Kontak:
Anneën van der Merwe
072 671 8373
of skandeer die QR-kode na die groep.

Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie, angstversteuring of verslawing? Die Terebinte Diensgroep wil jou graag bystaan.

Whatsapp na:
072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za



'n Pragtige Evangelisasiegeleentheid

Kom raak betrokke as mentor vir 'n gevangene

- Ontvang weekliks 'n ingevulde lesblad van 'n gevangene.
- Sien dit na, gee bemoedigende kommentaar en stuur terug.
- Jou naam bly anoniem vir die gevangene.



Vir meer inligting skakel Evangelisasiekommissie by 082 770 4262
Of stuur e-pos:
evangelisasie@annlin.co.za

GEMEENTEKAMP 2026



EGK EDEN KONFERENSIETERREIN

16-18 OKTOBER

Skakel die kerkkantoor vir meer inligting!



DIE GOLD NUGGETS WERKSWINKEL

MAGALIESKRUIN Gemeente

TOERUSING OM DIE EVANGELIE MET MOSLEMS TE DEEL EN MISVERSTANDE AAN TE SPREEK

WAT JY SAL LEER

- Hoe om misverstande en aantygings te beantwoord
- Hoe om Bybelwaarhede in konteks te verduidelik
- Hoe om sinvolle dialoog te hanteer
- Hoe om die Evangelie duidelik en effektiwief te kommunikeer

IS HIERDIE WERKSWINKEL VIR JOU?

- Stel jy belang om meer van Islam en Moslems te leer? Dit is noodsaaklik in vandag se tyd.
- Wil jy toegerus wees om die Evangelie te deel en vrae en aantygings met vertroue te beantwoord?
- Wil jy leer hoe om betekenisvolle verhoudings met Moslems te bou – sonder aanstoot en sonder kompromie?

AANBIEDER: FRED NEL
Internasionale sendeling en fasiliteerder na verskeie lande

TYD:
VRYDAG 28 AUGUSTUS 2026 17h30 - 20h30
SATERDAG 29 AUGUSTUS 2026 08h00 tot 17h00

PLEK: MAGALIESKRUIN NG GEMEENTE
150 Joyce Avenue Montana, Pretoria

KOSTE: NET R200 PER PERSOON
BESPREEK NOU, PLEK BEPERK TOT 50 PERSONE

REGISTRASIES: Registreer en betaal by: **012-538-1245**
gemeente@magalieskruin.com
Magalieskruin NG Gemeente

BRING JOU BYBEL, NOTABOEK EN PEN
Werkswinkel aansteun deur baie gratis oopbare materiaal

UITNODIGING DAMESOGGGEND

22 Augustus 2026

SCHEPPEL Voorsku
JE-ANI SWIEGELAAR
JAK DE PRIESTER

VENUE: JONIBACH SPORTSENTRUM

TYD: 08:00 VIR 09:00

KOSTE: R250 P/P

KONTAK:
Susan Fourie 082 745 4117
Elize vd Walt 079 339 5244

GESAMENTLIKE UITREIKAKSIE: VAN PRETORIA-GEMEENTES
TEN BATE VAN DIE Pres Kruger Kinderhuise
(GEORGANISEER DEUR DIE GEREK Kerk KAMEELDRIFT)

PRESIDENT KRUGER

KINDERHUIS | CHILDREN'S HOME PRETORIA
Groeï tot hulle volle potensiaal | Growing to their full potential

5 Augustus 2026

KINDERVORSORGER VAKATURE BESKIKBAAR BY DIE PRESIDENT KRUGERKINDERHUIS PRETORIA, 31STE LAAN 728, VILLIERIA

VEREISTES:

- Inwoning is verpligtend
- Afrikaanssprekend
- Nie-roker & sober gewoontes
- Bestuursdiensvergelykend. Die bekoms van 'n PDP permit tydens indiensneming 'n vereiste.
- Matrieksertifikaat.
- Omvattende versorging van 12 - 14 seuns/ dogters vanaf die ouderdom 3-18 jaar.
- Christelike normes en waardes.
- Emosionele stabiliteit.
- Liefde en geduld vir kinders.

DIE VOLGENDE SAL TOT DIE KANDIDAAT SE VOORDEEL STREK:

- SETA 4 kwalifikasie in kindersorg (of moet bekoms word binne 1 jaar van indiensneming);
- Enige ervaring in kindersorg;
- Enige ondervyskwalifikasie of ondervyservaring;

Aansoekes geskied by wyse van die inhandiging van 'n CV met stawiende dokumente by e-pos adresse: admin@pkkhuis.co.za of versorging@pkkhuis.co.za of per hand by die kantoor.

Sluitingsdatum vir aansoek: 18 Augustus 2026

Indien u teen 21 Augustus 2026 nog geen terugvoer van u aansoek ontvang het nie, moet u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.

Vir enige navrae kontak die Bestuurders, Kobus Vorster / Annetjie Vorster gedurende kantoorure by (012) 332 1366/7. Navrae kan ook gerig word aan bestuurder@pkkhuis.co.za of versorging@pkkhuis.co.za

012 332 1366/7 | admin@pkkhuis.co.za | 31ste Laan 728, Villieria, Pretoria | www.krugerkinderhuis.co.za

BARNYARD Fondsinsameling

★ Gereformeerde Kerk Rooihuiskraal bied aan: ★

BOB MARLEY, ELVIS PRESLEY, VILLAGE PEOPLE, BEYONCÉ, TINA TURNER, JENNIFER LOPEZ

11 SEP 2026 19:30

THE FINAL COUNTDOWN

THE GREATEST MIXTAPE PLAYLISTS OF YOUR LIFE

WAAR: The Barnyard, Menlyn

WANNEER: Vrydag 11 September 2026 om 19:30

KOSTE: R225 per persoon

Vir inligting en besprekings kontak...

Liza 072 460 7779
Magda 082 822 9247
Epos: barnyard@gkrhk.org.za

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:





*Die
Fontein*